
# DIE SWART LUIPERD

No 45.

## BLOED VAN DIE MAAGD




braam le roux

Hy is nou in sy hart oortuig daarvan dat hierdie vreemde blonde meisie gaan sterf as die maan vanaand opkom. Skielik word sy gedagtes onderbreek toe Spikkels en Simson grom. Terselfdertyd runnik Donker onrustig.

Die Swart Luiperd draai om en toe word hy yskoud. Hy spring na Donker toe en neem hom aan die teuels, vryf hom paaiend teen die nek, want die perd staan onrustig en rondtrap.

Want daar duskant die skerp rotspunt waar om hulle netnou gekom het, staan twee harige gedaantes. En met nuwe ontsteltenis sien die Swart Luiperd daar net anderkant die rotspunt nog drie of vier gorillas hul verskyning maak.

Stofomslag: Chris du Plooy



INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Haarlok | 3 |
| 2. | Die Volmaan Kom | 9 |
| 3. | Besoekers in die Nag | 16 |
| 4. | Asem van die Dood | 26 |
| 5. | Reptiel van Verskrikking | 37 |
| 6. | Maagdebloed | 47 |
| 7. | Langs die Afgronde | 57 |
| 8. | Oostergloed | 67 |
| 9. | Vlammekring | 75 |
| 10. | Maan van Verderf | 85 |


Hoofstuk 1

## DIE HAARLOK

Die groot swart hings trippel gemaklik en lenig oor die wye grasvlaktes wat soos 'n wuiwende see hier uitstrek tot daar ver aan die groen some van die oerwoud. Sy kop staan hoog en hy tel sy voorpote fors en trots op. Daardie breë swart kruis blink in die son en dit lyk of die fiere dier oor die aarde sweef. Die groot fris ruiter met die eienaardige tiermasker op sy gesig sit gemaklik en rustig in die saal. Amper dromend. Hy is net bewus van heerlike wiegende beweging in die rug van sy sterk perd. Uit die hoeke van sy oë sien hy net af en toe sy twee mak tiers wat met 'n lang galop hier weerskante van sy perd beweeg. Hierdie is oomblikke wanneer 'n man kan ontspan en dink.

Dit is die Swart Luiperd wat oor een van die groot grasvlaktes op hierdie hoogland van Tanganjika suidwaarts beweeg. Hy kom nou net terug van sy goeie vriend John Devenish, die wakkere en ywerige wildopsigter in hierdie deel van die wêreld. Hy het dit geniet om weer 'n slag by John Devenish te gaan besoek aflê. Want hulle twee se harte klop eenders oor die wilde lewe van Afrika. Hulle het dieselfde hartstogtelike liefde vir die oerwoud en sy inwoners. Hulle kan nagte aanmekaar om die kampvuur sit en praat oor ervarings op die jag.

'n Oomblik verlewendig die Swart Luiperd se oë toe hy dink aan die gesprek wat hy en John Devenish gisteraand gehad het. ,,As ek jou raad skuldig is,'' het John Devenish gesê, ,,sal ek nie hier voor die Uvumbuberge verby beweeg nie. Die inboorlinge is rusteloos. Daar is iets aan die gang, wát weet ek nie. Die afgelope tyd het ek al 'n hele paar sebras raakgeloop waarvan die linkerore afgesny was. Dit beteken altyd moeilikheid. Dit is altyd 'n aanduiding dat inboorlinge wraak oorweeg.''

,,Maar waarom sal hulle dan wraak oorweeg?'' het die Swart

Luiperd sy vriend gevra.

,,Ek wens ek het dit geweet,'' het John Devenish gesê en diep in die rooi gloed van die vlamme gestaar. ,,Ek dink dit is die Lamboedi wat weer agter hierdie rusteloosheid skuil. Hulle het altyd een of ander moeilikheid. Altyd is daar die een of ander ding waaroor hulle hulle kwel of waarmee hulle nie tevrede is nie. Is dit nie 'n klagte dat die een of ander witman sy neus in hul oeroue geheime probeer steek nie, dan is dit 'n storie dat die wild minder word as gevolg van die optrede van die witman.

,,Maar sal 'n mens dan van die Lamboedi op die vlaktes raakloop?'' het die Swart Luiperd gevra.

,,Wanneer hulle bloed soek, is die Lamboedi oral te vind,'' het John Devenish gewaarsku. ,,Waarom ry jy nie liewer in die valleie af in 'n suidoostelike rigting nie?'' het hy gevra.

Maar die Swart Luiperd het net sy kop geskud. ,,Die watergate van Lomba ry ek vir geen geld ter wêreld mis nie,'' het hy gesê. ,,Daar aanskou ek altyd die pragtigste woudtonele wat seker in die hele Afrika te sien is.''

,,Dit is waar,'' het John Devenish gesê. ,,Ek dink daar kry 'n mens miskien die grootste konsentrasie van wild op enige plek in die vasteland van Afrika.''

Dit is juis daarom dat hy in die Lombavlaktes af beweeg na die watergate toe, want dit is by hierdie groot kuile en gate waar hy al die mees merkwaardige tonele aanskou het. Hier het hy die verwoede geveg tussen 'n buffel en 'n leeumannetjie aanskou. Hier was hy ooggetuie by 'n geveg tot die dood tussen 'n luiperd en 'n luislang. Hier het hy aanskou hoedat 'n gewonde vlakvark met 'n wildehond klaarspeel.

Die groot man kry 'n gril van afwagting en opgewondenheid





deur sy groot liggaam terwyl hy dink aan wat miskien vir hom wag by die Lomba-watergate.

Dit is toe hy weer opkyk dat die Luiperdman besef dat hierdie vlaktes nie heeltemal sonder beweging is nie. Dit is toe hy besef dat hy blykbaar nie die enigste man is wat oor hierdie wyduitgestrekte eensaamheid beweeg nie. Sy aandag word gevang deur die gedrag van 'n paar aasvoëls regoor hom op die vlaktes. Hy het al vandag soveel aasvoëls gesien want hierdie is die vangplekke van die leeus. Dit is hier waar hulle die groot klompe sebras en wildebeeste betrek.

Maar die aasvoëls wat hy nou sien beweeg, gedra hulle anders as die aasvoëls wat hy tot dusver vandag aanskou het. Hy bring Donker, sy perd, byna werktuiglik tot stilstand. En toe hy stilhou, steek sy twee mak luiperds, Spikkels en Simson ook vas. Hulle het seker nog nie gewaar wat hy gewaar het nie maar wanneer hy tot stilstand kom, kom sy twee tiers ook as vanselfsprekend tot stilstand. Hulle kom teruggedraf, hul bekke oop en rooi want hulle het al vandag ver beweeg.

Die Luiperdman druk op die saalknop en kyk vooruit.

Toe weet hy wat gaande is. Daardie roofvoëls is agter prooi aan maar daardie prooi leef nog. Hulle swaai laag oor die gras, dan duik hulle af asof hulle hul slagoffer wil intimideer om maar te sterf. Asof hulle hom dit aan die verstand wil bring dat dit hom nie baat om verder te probeer leef nie.

Een of twee gaan sit manhaftig en dan vlieg hulle weer tussen die gras op. Hy ken hierdie taktiek van die aasvoëls. Wanneer hul slagoffer op sterwe na dood is, val hulle hier kort by hom op die grond neer, om hom te betrag en heel moontlik aan hom te pik. As die slagoffer hom verweer en hom verset, sal die lafaards maar weer hul vlerke sprei en die veiligheid van die lug opsoek.

Die toneel daar voor hom is nog 'n hele afstand van hom af. Maar hy weet meteens dat hy daarheen moet gaan om te kyk wat gaande is. Dalk kan hy daar nog 'n merkwaardige toneel van die oerwoud aanskou.

Daarom druk die Swart Luiperd meteens vir Donker met sy hakke, roep op sy twee tiers wat intussen hier langs hom in die gras kom lê het, en beweeg vinnig na waar die aasvoëls duik en styg en swaai. Hy ry vinnig. Dalk is dit nog 'n verdwaalde kalfie van 'n wildebees of 'n jong springbokkie of 'n steenbok wat heel moontlik seergekry het. As dit so is, dan weet hy watter aaklige dood daardie diertjie gaan sterf. Daardie roofvoëls gaan nie eens wag totdat hy heeltemal dood is nie. Hulle sal begin vreet die oomblik wanneer sy kragte te min is om hulle van hom af weg te skop.

So in die stywe galop hou die Swart Luiperd die plek dop. In hierdie wêreld kan 'n mens nie sommer op 'n toneel afjaag nie. Hy het al so oorgekom dat hy op 'n jong leeuwelpie afgekom het terwyl sy moeder tussen die gras gerus het. Die aasvoëls het die diertjie verwar en hom probeer wegdryf. En toe die Swart Luiperd op die toneel verskyn, moes hy vinnig padgee voor 'n verwoede leeuwyfie wat intussen na haar telg begin soek het.

Meteens hou die Luiperdman sy perd met verbasing in. Hy is nie meer ver van daardie woelende aasvoëls af nie. In een verbaasde oomblik weet hy dat hy hier nie gaan aanskou wat hy verwag het nie.

Wat daar teen die aasvoëls worstel, is nie 'n bokkie nie.

Dit is 'n mens. Oor die klein oop pannetjie sien hy die man beweeg. Hy seil 'n paar treë op sy maag en dan lê hy weer stil. Dit is 'n swart man. En elke keer wanneer die aasvoëls op hom afduik, waai hy swak en magteloos met sy arms of skop met sy voete.





Maar selfs hiervandaan is dit vir die Luiperdman heeltemal duidelik dat daardie man op sy laaste kragte teer.

Hy laat nie langer op hom wag nie maar jaag meteens nader en verwilder die manhaftige voëls.

Dit is 'n lang lenige swarte wat bewegingloos hier voor hom lê. Die Luiperdman spring uit die saal en gaan hurk by die man, neem hom aan sy skouers en draai hom op sy rug. Sy oë is gesluit en sy kake is opmekaar geklem. Daar is 'n ligte skuimlaag op sy lippe. Sy hele liggaam krul aaklig asof van kouekoors. Sy hande lê oop en rukkend op die grond.

Die Luiperdman praat met hom in 'n inboorlingdialek wat hy ken. ,,Waar kom jy vandaan, Swart Man en waar loop jy heen?'' vra hy.

Die skepsel wat blykbaar in aaklige pyn verkeer, swaai net sy kop en die Swart Luiperd kan net een woord wys word.

,,Geelslang. . . Geelslang. . .'' prewel hy oor sy gebarste, gebreekte lippe.

En dit is toe dat die Luiperdman eers die swaar swelsel onder die inboorling se knie gewaar. Hy kyk noukeuriger en hy sien twee fyn gaatjies waar die slagtande van die geelkapel ingeslaan het.

,,Waar kom jy vandaan?'' vra hy.

En toe hoor hy nog 'n woord—,,Uvumbu. . . Uvumbuberge.''

Die Luiperdman kyk verslae na die skepsel en hy weet dat dit reeds te laat is.

,,Waar gaan jy heen, Swartman?'' vra hy dringend by die swarte se oor.

Die skepsel praat met moeite. Maar die Swart Luiperd kan nie verstaan wat hy sê nie. Dit is net een dowwe aaneengeslote preweling en sy stembande is al so verlam deur die gif dat hy niks duidelik kan sê nie.

Maar toe sien die Oerwoudman die beweging van die swarte se hand—slap en stadig en kragteloos.

Hy beduie na sy keel. En toe verstaan die Oerwoudman.

Om die inboorling se nek aan 'n sagte riempie hang 'n klein sakkie. Hy gryp dit vas en maak die knopie los.

Met bewende vingers maak die Luiperdman die klein sakkie oop.

Toe ruk hy van verbasing.

Al wat daar in die sakkie is, is 'n haarlok.

'n Blonde haarlok.

Die sagte, glinsterende haarlik van 'n vrou.

'n Blanke vrou. 'n Jong vrou. Dit kan die Luiperdman wel sien.

Hy buk laag oor die sterwende swarte en hy vra weer: ,,Waarvandaan kom jy, Swartman? Waar is die wit vrou?''

Maar die skepsel swaai net sy kop heen en weer en die Luiperdman weet dat dit nodeloos is om hom aan die praat te probeer kry.



## Hoofstuk 2

## DIE VOLMAAN KOM

Die Swart Luiperd kom orent en staar lank en byna asemloos na die glinsterende blonde haarlok in die palm van sy hand. Behalwe dat hy kan sien dat dit aan 'n jeugdige blonde blanke vrou moet behoort, kan hy nog iets gewaar. Hierdie haarlok is sommer inderhaas afgesny. Blykbaar sommer met 'n sakmes of met 'n jagmes. Hy neem hierdie swyende en tasbare boodskap en druk dit versigtig in die klein sakkie aan die voorkant van sy broek. Toe haal hy die waterfles van sy skouers af, buk en laat loop 'n bietjie water in die mond van die sterwende swarte.

Hy hoef nie baie lank te wag nie, toe kom die skepsel half verwilderd orent, steier 'n paar treë deur die gras en toe slaan hy neer en lê doodstil daar. Asof hy hom daardeur wil beskerm teen roofdiere, neem die Swart Luiperd hom en sleep hom onder 'n paar polle hoë gras in.

Toe staan hy onseker daar in die son. Hy tuur na die suide, na die Lomba-watergate waarheen hy op pad is en waar hy graag voor sononder wil aankom. Maar toe draai hy sy kop en tuur weg in die rigting van die Uvumbuberge. Die berge van geheimenis. Die berge van wraak, soos die inboorlinge hulle noem.

En hy wonder opnuut watter boodskap dit is wat hierdie swarte van hierdie blonde haarlok na iemand wou deurdra. Hy wonder 'n bietjie beangs in watter toestand die vrou aan wie hierdie haarlok behoort het, haar op hierdie oomblik bevind.

Klaarblyklik moet daar iets verkeerd wees. Klaarblyklik was hierdie 'n boodskapper wat op weg was om hulp te gaan soek.

Op 'n skielike ingewing loop die Luiperdman weer na waar die gevalle inboorling lê. Hy gaan hurk weer by hom en betrag sy neus noukeurig. Maar nee, hierdie is nie 'n Lamboediman

nie. Hy het nie die twee dun houtpluisies deur sy neusvleuels nie.

Nee, hierdie is 'n ander swarte. Heel moontlik een wat hierdie blanke vrou bevriend het. Hy kyk na die skepsel se voetsole en sien dat hulle byna deurgeloop is. Fyn bloed slaan reeds onder hulle uit. Dit beteken dat hierdie skepsel ver en vinnig geloop het. Met 'n doel geloop het. Want geen swarte sal sonder 'n goeie rede loop totdat sy voetsole deur is nie. Wat die Luiperdman nog tref, is dat die swarte ongewapend is. Hy het nie eens 'n kierie of 'n assegaai by hom nie. En dit is buitengewoon. Geen swarte sal deur hierdie wêreld beweeg sonder dat hy gewapen is nie.

Dit beteken net een ding, besluit die Oerwoudman, en dit is dat die skepsel so vinnig padgegee het vanwaar hy ook al kom, dat hy blykbaar nie eens tyd gehad het om 'n wapen in die hande te kry nie.

Of as dit nie so is nie, het hy uit gevangenskap ontsnap en moes hy vlug sonder dat hy iets in sy hande gehad het—net hierdie sakkie om sy nek waarin die blonde haarlok versteek was.

Die Luiperdman kyk weer suidwaarts, die rigting van sy doelwit. Toe kyk hy op na die son wat al taamlik laag in die weste hang. Hy draai stadig om en stap terug na Donker toe. Met 'n gevoel van teleurstelling, maar ook met 'n gewaarwording van afwagting en eienaardige opgewondenheid, klim hy in die saal. Hy weet nou dat die Lomba-watergate nie meer sy bestemming is vandag nie. Hy het hier op die groot vlaktes met 'n geheim kennis gemaak wat hom nou in 'n ander rigting gaan voer. Hy roep sy twee tiers en praat met hulle. Hulle beweeg vinnig oor die gelyk pannetjie, hul neuse laag en toe vat hulle die spoor van die swarte. Hulle draf vinnig weg die gras in en hulle





pyl reguit in die rigting van die Uvumbuberge.

Die Swart Luiperd ry hulle agterna en hy weet dat teen daardie ruie hange en miskien in daardie diep donker klowe of onder die regaf grys kranse 'n geheim skuil wat hy sal moet ontrafel. Die twee tiers beweeg vinnig en ywerig en hy volg hulle oor die grasvlakte reg weswaarts na die soom van die oerwoud.

Die hoofstad van die Lamboedi staan hoog onder die wolke op 'n byna onbereikbare plato in die Uvumbuberge. Dit kan feitlik net uit die oostekant bereik word oor 'n bamboesbrug oor 'n afgrond van 'n paar duisend voet. Aan die agterkant word dit ingesluit deur 'n halfmaan van duiselingwekkende kranse wat loodreg afskiet tot op die klipperige bodem van die plato. Dit is hoofsaaklik weens die ligging van hierdie stat dat die Lamboedi hulself as die onoorwinlikes van die oerwoude beskou. Uit hierdie byna onneembare stat onderneem hulle gereeld strooptogte en hulle het die omliggende stamme deur die jare al feitlik almal uitgeroei of verdryf. Wanneer die nood dreig, vlug hulle eenvoudig oor die bamboesbrug en kap dit los aan die stat se kant, dan kan geen vyand hulle bereik nie. Menige agtervolger het al 'n aaklige dood ontmoet toe hy in die ontsaglike afgrond ingestort het. Die man wat oor daardie afgrond stort in die diep donker skeur tussen die kranse af, val homself te pletter op die klipperige bedding van 'n stroom wat byna onderaards vloei.

Op hierdie oomblik is die hoofstat van die Lamboedi reeds in die skaduwees van die kranse gehul. Die laat namiddag-sonlig kwyn op die hoogste kruine van die Uvumbuberge. Dit lewe hier in die hoofstat van die Lamboedi. Daar is 'n groot sametrekking van krygers, daar word opgewonde gepraat en